SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: *BLADSAK* – Lucas Malan

### VERHAAL A: "POTYSTER SWEIS NIE" – P.G du Plessis

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (By die) skrootwerf<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.2 | • (Die bakkie se) radio was stukkend./Hy kon nie na sy radio luister nie.<br>• Die verteller was alleen/het geselskap gesoek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | (Die seun was oppad) huis toe.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4 | C/gedink het dat die verteller nie die stofie sal kan regmaak nie. | 1 |
| 1.5 | ironie | 1 |
| 1.6 | tennis | 1 |
| 1.7.1 | suksesvolle | 1 |
| 1.7.2 | sy gesin in die steek gelaat het | 1 |
| 1.8 | • Die seun het vir die verteller gevra om hom by die kafee af te laai.<br>• Die Portugees het die verteller se kleingeld vir hom gaan gee.<br>• Die Portugees het gesê dat hy moeg was vir die seun se ma se stories.<br>• Die seun het nie die verteller se geld aanvaar nie.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.9.1 | C/... het gereeld dieselfde pad plaas toe gery. | 1 |
| 1.9.2 | E/... het leuens vertel om die waarheid weg te steek. | 1 |
| 1.9.3 | D/... was kwaad oor werkers wat nie werk toe gekom het nie. | 1 |
| 1.9.4 | A/... was nie 'n betroubare werker nie. | 1 |
| 1.10.1 | • Die Portugees het die seun voor iemand anders verneder.<br>• Die seun kon nie die skuld kry vir sy ouers se optrede nie.<br>• Die gesin se situasie was reeds moeilik/hartseer vir die seun.<br>• Die Portugees het die seun se situasie/skaam wees oor sy situasie vererger.<br>• 'n Mens praat nie (voor ander) oor mense se privaatsake nie.<br>• Die Portugees is 'n grootmens en moes meer empatie met die seun gehad het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



| | | |
|---|---|---|
| 1.10.2 | • Die seun het besef dat die verteller nou geweet het dat hy gejok het/leuens vertel het.<br>• Die seun was skaam (dat sy gesin se situasie so uitgelap is).<br>• Die seun kon nie sy ouers se gedrag/optrede verdedig nie.<br>• Die seun was te trots om geld te aanvaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | Ek sou ...<br>• die seun uitgelos het/aanvaar het dat hy nie die geld wou hê nie.<br>• geld by die Portugees gelos het om die gesin te help.<br>• gedink het of daar maniere is waarop ek die seun verder kon help.<br>• met die ma gaan praat het om haar te laat besef dat sy verkeerd optree/te hoor of ek dalk iets kan doen om te help.<br>• met die welsynwerkers gepraat het om die gesin te ondersteun.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | • Die verhaal eindig nie op 'n positiewe manier nie.<br>• Die slot laat my nie voel dat die seun se situasie gaan verbeter nie.<br>• Ek voel hartseer oor die kind/seun wat soveel probleme in sy lewe het./Die seun se omstandighede laat my hartseer voel.<br>• Ek voel hartseer oor die feit dat grootmense ongevoelig optree teenoor kinders.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "DIE HEN EN DIE NAALD" – Minnie Postma**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | (Op die) grond | 1 |
| 1.14 | • Sy kon lekker gesels/praat.<br>• Sy kon lekker lag.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.15 | Valk was die enigste voël wat 'n naald gehad het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.16 | D/van lankal af beplan het om die karos te maak. | 1 |
| 1.17.1 | E/Hen moes 'n belofte aan Valk maak. | 1 |
| 1.17.2 | C/Hen was baie gelukkig toe almal vir haar sê sy lyk baie mooi. | 1 |
| 1.17.3 | A/Hen se kinders het die naald per ongeluk op die ashoop gegooi. | 1 |
| 1.17.4 | B/Hen se mooi karos het nie vir haar geluk gebring nie. | 1 |
| 1.18.1 | baie van haarself begin dink | 1 |
| 1.18.2 | nou vyande | 1 |

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



| | | |
|---|---|---|
| 1.19.1 | lande | 1 |
| 1.19.2 | valk | 1 |
| 1.19.3 | naald | 1 |
| 1.19.4 | weg | 1 |
| 1.20 | Hen het gehuil omdat ...<br>• sy bang was Valk vang een van haar kuikens.<br>• sy besef het wat sy gedoen het/dat sy haar kinders se lewens vir altyd in gevaar gestel het.<br>• sy nie geweet het of sy haar kinders altyd teen Valk sou kon beskerm nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21 | • 'n Ma ...<br>  ○ moenie haar kinders vir haar eie doel gebruik nie.<br>  ○ moet haar kinders beskerm/moenie haar kinders se lewens in gevaar stel nie.<br>  ○ behoort nie haar kinders die prys te laat betaal vir haar verkeerde besluite/optrede nie.<br>  ○ kan nie enige risiko loop met haar kinders se veiligheid nie.<br>• Hen het die ander henne se kuikens ook in gevaar gestel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • Die ander henne is ook ma's/moeders/het verstaan hoe Hen gevoel het/het Hen jammer gekry.<br>• 'n Mens moet ander help wat in gevaar is/as hulle probleme het.<br>• Al die henne se kuikens was in gevaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | Ek sou ...<br>• Hen vergewe het.<br>• verstaan het dat dit nie die kuikens/kinders se skuld was dat Hen verkeerd opgetree het nie.<br>• nie die kuikens gestraf het nie.<br>• saam met Hen na 'n ander oplossing gesoek het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | • Haar kinders was nou vir altyd in gevaar.<br>• Dit was haar skuld dat al die henne se kuikens in gevaar is.<br>• Die naald het per ongeluk weggeraak./Hen het die naald nie met opset weggegooi nie.<br>• Sy is jammer oor haar fout./het besef sy het 'n fout gemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL: 40**

